**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Aansoek nr : 3574/2002
Aansoek nr : 3581/2002

In die aansoek van:

**ISABEL ENGELBRECHT** Eerste Applikant

**HENDRIK ENGELBRECHT** Tweede Applikant

en

**DIE MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF** Eerste Respondent

**PIERRE STEYN NO** Tweede Respondent

-

**ROELOF DAVEL DU PLESSIS NO** Derde Respondent

**PHILIPPUS CHRISTOFFEL LESSING NO** Vierde Respondent

**MMATHEBE VIOLET PHATSHOANE NO** Vyfde Respondent

---

**AANGEHOOR DEUR:** HANCKE R

---

**AANGEHOOR OP:** 8 OKTOBER 2002

---

**UITSPRAAK DEUR:** HANCKE R

---

**UITSPRAAK EN REDES GELEWER OP:** 10 OKTOBER 2002

---

Applikante het hierdie Hof op 4 Oktober 2002 by wyse van ‘n dringende aansoek genader om ‘n bevel dat die lasbriewe vir die arres van die applikante, wat deur tweede respondent gemagtig en uitgereik is op Woensdag 2 Oktober 2002 tersyde gestel word, tesame met gepaardgaande alternatiewe regshulp, en ‘n bevel vir koste. Op gemelde dag by die aanhoor van die aansoek is die aansoek uitgestel tot Dinsdag 8 Oktober 2002 ten einde respondente en moontlike toetredende partye ‘n geleentheid te gee om hulle opponerende eedsverklarings te liasseer. Verder is gelas dat die werking van die bestaande lasbrief wat uitgereik is ten opsigte van die applikante, oorgehou moet word tot na die finalisering van die huidige aansoek.

Op 8 Oktober 2002 het eerste tot derde toetredende respondente formeel aansoek gedoen dat magtiging aan hulle verleen word om as sulks toe te tree en dat magtiging ook aan hulle verleen word ten einde die huidige aansoek ingevolge die bepalings van artikel 18(3) van die Insolvensiewet, Wet nr 24 van 1936, soos gewysig, te opponeer. Mnr Wessels, wat namens applikante opgetree het, het toegegee, na my mening tereg, dat die mede-kuratore klaarblyklik ‘n belang het by die huidige aansoek en nie beswaar geopper dat die aangevraagde bevel verleen word nie. Die nodige regsverligting is dus in hierdie verband toegestaan en word hierinlater na die kuratore as derde, vierde en vyfde respondente onderskeidelik na verwys. Daar was ‘n verdere kennisgewing van voorgenome aansoek van die likwidateurs van die Krion Maatskappye, aan wie die applikante uit hoofde van ‘n piramide-skema na bewering etlike miljoene rande verskuldig sou wees, om ook toe te tree. Hierdie voorneme is egter laat vaar en ag ek dit nie nodig om enigiets verder hieromtrent te sê nie.

Dit is gemenesaak dat tydens die bereddering van die eerste applikant se insolvente boedel die eerste respondent op 13 September 2002 kennisgewings laat uitreik het ingevolge die bepalings van artikel 152(2) van die Insolvensiewet, ten einde die applikante te beveel om ‘n ondervraging by te woon wat belê is voor die tweede respondent vir die 1e, 2e en 3e Oktober 2002 te die landdroshof, Heilbron.

Dit is die applikante se saak dat, op ‘n behoorlike interpretasie van die bepalings van artikel 152(7), gelees met artikel 65(7) van die Insolvensiewet, saamgelees met artikel 51(1) en (2) van die Wet op Landdroshowe nr 32 van 1944, soos gewysig, hulle geregtig was op voorafbetaling van die getuiegelde soos voorgeskryf vir getuies in siviele gedinge deur die bogemelde regulasie en wetsbepaling, alvorens hulle verplig sou wees om die ondervraging wat deur die voormelde kennisgewing belê is, by te woon. Dit is verder gemenesaak dat twee tjeks ten bedrae van R36 elk aangeheg was by gemelde kennisgewings. Dit is applikante se saak dat aangesien hierdie tjeks gekruis was en gemerk was "nie oordraagbaar nie", hulle nie in staat was om gemelde tjeks vir kontant te gelde te maak nie, aangesien hul bankrekening bevries is deur die mede-kuratore, as gevolg van eerste applikant se voorlopige sekwestrasie. Op advies van hul regsverteenwoordiger het applikante nié vir die voormelde insolvensie-ondervraging opgedaag nie, waarna tweede respondent op Woensdag 2 Oktober 2002 lasbriewe gemagtig het ingevolge artikel 66(1) van die Insolvensiewet, ingevolge waarvan die arres van die applikante gemagtig word ten einde hulle voor die tweede respondent te bring om hulle versuim om die ondervraging ingevolge artikel 152(2) van die Insolvensiewet wat deur eerste respondent belê is vir voormelde datums, by te woon, te verduidelik.

Dit is ook gemenesaak dat op Dinsdag 1 Oktober 2002 die advokaat wat namens die voorlopige kuratore optree, sonder om toe te gee dat die argument namens die applikant korrek is, ‘n aanbod gemaak het dat applikante se prokureur, mnr Fourie, hulle meedeel presies welke koste applikante, asook ander getuies wat gemelde mnr Fourie verteenwoordig, verlang ten einde die verrigtinge by te woon, welke bedrag dan in gemelde Fourie se trustrekening inbetaal sou word. Hierdie tender is volgens applikante eers op 3 Oktober 2002 aan hulle oorgedra deur gemelde Fourie.

Ten opsigte die effek van gemelde statutêre bepalings, word in **SWART EN ‘N ANDER v CRONJE EN ‘N ANDER NNO** 1991(4) SA 296 (T) deur Du Plessis R op 298D-E die volgende verklaar:

"Artikel 152(7) bepaal dat die bepalings van artikel 65(7) van die Insolvensiewet van toepassing is op persone wat in terme van artikel 152 gedagvaar word om te verskyn met dié voorbehoud dat as die boedel nie die gelde waarna artikel 65(7) verwys kan betaal nie die staat dit moet doen. Artikel 65(7) van die Insolvensiewet bepaal in kort dat ‘n getuie in ‘n insolvensie-ondersoek geregtig is om die gelde wat in ‘n siviele geding in ‘n gereghof aan hom betaal sou word te ontvang."

In gemelde saak (bl 299D-E) word ook verwys na **RANKIN v RANKIN** (1909) 30 NLR 109 te 110, wat daarop neerkom dat ‘n getuie geregtig is om vooruit in kontant vir sy redelike reis- en verblyfkoste betaal te word. Aan die hand van voormelde gesag, het mnr Wessels betoog dat applikante nie alleen geregtig was op betaling nie maar dat dit vooruit in kontant betaalbaar moes wees. Hy het verder betoog dat daar onderskei moet word tussen ‘n byeenkoms van skuldeisers, ingevolge waarvan ‘n insolvent verplig is om dit by te woon en ‘n ondervraging ingevolge artikel 66 van die Insolvensiewet, in welke geval sy teenwoordigheid by wyse van ‘n dagvaarding verseker kan word. Hy het verder aan die hand gedoen dat die byeenkoms alwaar applikante se teenwoordigheid verlang was, geskied het ingevolge artikel 152, saamgelees met artikel 64 van die Insolvensiewet, en dat artikel 65(7) van gemelde Wet nie van toepassing was. Soos hierinlater aangedui, kan betoog nie opgaan nie.

Dit is van belang om te let op die bepalings van die betrokke artikels. Artikel 64 handel oor dié volgende: "**Insolvent en ander persone moet byeenkomste van skuldeisers bywoon**", terwyl artikel 65 spesifiek handel met **"Ondervraging van insolvent en ander getuies"**. Subartikel (7) lui soos volg:

"Iemand wat gedagvaar is tot bywoning van ‘n byeenkoms van skuldeisers om kragtens hierdie artikel ondervra te word (**behalwe die insolvent en sy eggenote of haar eggenoot**) is geregtig op die getuieloon (wat uit die boedel betaal moet word) waarop hy geregtig sou wees as hy ‘n getuie was in ‘n siviele geding in ‘n geregshof." (My beklemtoning)

Artikel 152 handel met die volgende:

"**Meester kan kurator gelas om geskrifte of goed te oorhandig of enigeen aansê om sekere inligtings te verstrek**."

Subartikel (7) lui soos volg:

"Die bepalings van subartikel (7) van artikel 65 is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met ‘n ander persoon as ‘n kurator wat kragtens hierdie artikel opgeroep is om inligtings te verstrek: met dien verstande dat as daar geen voldoende bate in die betrokke boedel is om die betrokke getuieloon te betaal nie, daardie loon deur die staat betaal moet word."

Ten opsigte van die betekenis van "*mutatis mutandis*", sien **SOUTH AFRICAN FABRICS LTD v MILLMAN, NO, AND ANOTHER** 1972(4) SA 592 (A) te 600C-D; **Drietalige Regswoordeboek** (Derde uitgawe) deur **VG HIEMSTRA en HL GONIN** p 231.

Insoverre die bepalings van artikel 152(7) van die Insolvensiewet van toepassing is, is dit van belang om daarop te let dat daarin weereens verwys word na artikel 65(7) van gemelde Wet. Laasgenoemde maak voorsiening vir ‘n "getuieloon"waarop ‘n getuie geregtig sou wees asof hy ‘n getuie in ‘n siviele geding was, met die **uitsluiting** van die insolvent en sy of haar eggenoot. Die eerste applikant, synde die insolvent en haar eggenoot, was dus ingevolge gemelde bepalings nié geregtig op enige getuieloon nie. Die huidige saak is dan ook onderskeibaar van die saak van **SWART** (*supra*) in welke saak die voorbehoudsbepaling verwys na in artikel 65(7) glad nie ter sprake gekom het nie. Sien ook **Mars The Law of INSOLVENCY in South Africa** (agste uitgawe,1988) deur **Elmarie de la Rey**, p357 e.v.

Die een been waarop die huidige aansoek gebaseer was, naamlik dat die applikante geregtig was op ‘n getuieloon wat nie behoorlik aan hulle betaal was nie, kan dus nie gehandhaaf word nie.

Dit blyk dat die derde tot vyfde respondente in die huidige saak, sonder dat hulle daartoe verplig was, twee tjeks aan die applikante gestuur het. Die effek van die betaling van ‘n bedrag by wyse van tjek, is van belang. In **Cowen The Law of Negotiable Instruments in South Africa** (vyfde uitgawe) deur **Cowen en Gering**, word op 199-200 die volgende verklaar:

"Cheques, however, are not legal tender, with the result that a creditor is not necessarily obliged to take a cheque in payment of what is owed to him, unless the parties have expressly, impliedly, or tacitly agreed that payment may be made by cheque, or a commercial custom exists to that effect. Nevertheless, in practice, the proof of such agreement or custom would often present no difficulty."

Derde tot vyfde respondente het egter verder gegaan en ook ‘n tender mondelings, hierbo na verwys, asook skriftelik in die volgende terme aan die applikante gemaak het, naamlik "betaling van enige verdere fooie en toelae wat deur u in die verband ge-eis en bewys word, word hiermee getender". In **SWART EN ‘N ANDER v CRONJE EN ‘N ANDER** (*supra*) word op 298H-I die volgende verklaar:

"Klaarblyklik is gelde dus nie getender ooreenkomstig artikel 152(7) gelees met artikel 65(7) nie. Die applikante was nie verplig om die ondervraging by te woon terwyl die korrekte gelde nie aan hulle getender was nie en daar inderdaad foutiewe en laer gelde as waarop hulle geregtig is aan hulle getender was. Op 0hierdie grond alleen kan die lasbriewe myns insiens tersyde gestel word."

Dit is duidelik dat die inhoud van die huidige tender aansienlik verskil van dié gemaak in die **SWART**-saak (*supra*), waar daar ‘n onvoldoende tender gemaak was. Die bedoeling van die wetgewer in hierdie verband is duidelik, naamlik om getuies wat daarvoor kwalifiseer, finansieel in staat te stel om die insolvensie-verrigtinge by te woon. Indien ek sou fouteer in my beslissing dat die applikante nie geregtig was op vergoeding nie, het daar, na my mening, in elk geval ‘n behoorlike tender aan hulle geskied. Om hierdie rede kan die aansoek ook nie suksesvol wees nie.

Wat koste betref, het mnr Zietsman gevra dat dit dié van twee advokate moet insluit. Die aansoek het egter gewentel om ‘n beperkte geskilpunt en is ek van mening dat daar nie regverdiging is om die koste van twee advokate in hierdie omstandighede te gelas nie. Die koste van 4 Oktober 2002 het egter oorgestaan om later bereg te word. Na my mening bestaan daar nie enige rede waarom die kostebevel wat hierin verleen word nie ook daardie koste sal insluit nie.

Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die aansoek word van die hand gewys.

2. Applikante word gelas om die koste van die aansoek, insluitende dié van 4 Oktober 2002, te betaal gesamentlik en afsonderlik, die een te betaal die ander vrygestel te word.

**SPB HANCKE, R**

**Namens Applikante : Adv MH Wessels, SC Bygestaan deur Adv KE Swanepoel iov Rossouws Prokureurs**

**Namens Derde tot Vyfde Respondente : Adv P Zietsman Bygestaan deur Adv JG Gilliland iov Naudes**